

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY



Dit is 'n min gewaardeerde feit dat die amp as skoolhoof, die verantwoordelikhede dra wat min geëwenaar word in die gemeenskap. Honderde ouers vertrou die veiligheid van hulle kinders daaglik toe aan 'n skoolhoof. Daar word van haar verwag om hulle te versorg, te onderrig met haar span onderwysers en selfs lief te hê.

Ons, by Laerskool Charlo, is gelukkig dat ons skoolhoof juis dit doen. Maar asof dit nie genoeg is nie, het die Departement van Basiese Onderwys bepaal dat alle hoofde selfs 'n verdere verantwoordelikheid sal opneem. In 'n opdrag uitgereik op 17 April 2020, het die Departement van Onderwys bepaal dat "OPGRADERING VAN HIGIËNIESE TOESTANDE IN SKOLE NA DIE GREDELTYDPERK" gedoen moet word om die verspreiding van die Covid-19 pandemie te voorkom en dat die Skool Beheerliggaam (teen groot koste vir die ouers), voldoende sanitasie, skoonmaak en disinfeksie op 'n daaglikse basis by die skool moet doen en dat daar van "skoolhoofde, as leiers, verwag word om verantwoordelikheid te neem vir personeel, administratiewe personeel en leerlinge."

Die skool beheerliggaam se besorgdheid is dat die Departement van Onderwys 'n wetlike verpligting op skoolhoofde plaas wat nie deur die wet voorgeskryf word nie. Daar moet in ag geneem word dat Hoofstuk 7 subparagraaf 60 (1b) van die skolewet soos volg lees: "...die Staat is aanspreeklik vir enige deliktuele of kontraktuele skade of verlies wat veroorsaak word as gevolg van enige daad of versuim in verband met enige skoolaktiwiteit wat deur 'n openbare skool bedryf word en waarvoor sodanige openbare skool aanspreeklik sou gewees het by gebrek aan die bepalinge van hierdie artikel. (3) Enige eis weens skade of verlies in subartikel (1) beoog moet teen die betrokke Lid van die Uitvoerende Raad ingestel word."

Aangesien die aanspreeklikheid nie by ons skoolhoof lê vir hierdie taak nie, het die skoolbeheerliggaam die skool se prokureurs geraadpleeg om die Departement se instruksies te verifieer, veral met die uitbreiding van standaard sorg en verantwoordelikhede wat skoolhoofde in hierdie opsig ontvang het. Op daardie stadium het die Departement die opdrag onttrek. Ons moet veral ons diep waardering uitspreek as SBL vir al ons onderwyspersoneel vir hulle bereidwilligheid om in te tree tydens die grendeltydperk deur vir ons kinders se onderrig- behoeftes voorsiening te

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH

POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070

TEL: 041 367 1172

FAX: 041 367 2334

EMAIL: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za)

WEB: [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

FACEBOOK: <http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool>

LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY



maak in hierdie moeilike tydperk wat buite ons beheer is. Vir die beskerming van ons skoolhoof, versoek die SBL van die ouers om hul ondersteuning en solidariteit te wys deur vir haar die versekering te gee dat sy nie persoonlik aanspreeklik, in enige opsig, sal wees indien enige persoon verbind aan die skool, die Covid-19 virus opdoen nie.

Deur die onderstaande vrywaring te teken, sal u die skoolhoof die versekering gee dat sy nie haarself blootstel aan addisionele risiko's deur eenvoudig haar taak as skoolhoof te vervul nie. Alhoewel die lede van die skoolbeheerliggaam nie volgens wet verantwoordelik gehou word nie (as gevolg van die bepalings in afdeling 60), is voorsiening gemaak vir vrywaring vir hulle ook, om aan die veilige kant te wees.

#### COVID-19 VRYWARING – LAERSKOOL CHARLO

Ek, \_\_\_\_\_ (volle name en van), die ouer / voog, erken en verstaan dat die COVID-19 pandemie ongewone risiko's geskep het en ongekende risiko's vir almal bied, wat tot die ernstige siekte of dood kan lei en dat ek 'n ingeligte besluit maak en my uitdruklike toestemming gee tot die aanvaarding van die risiko's waaraan my kind of familieledede blootgestel word deur die skoolperseel te betree waar ander leerlinge, personeel en ouers teenwoordig is. Ek gee hiermee my vrywaring en hou die skoolhoof, haar personeel en die skool beheerliggaam vry van aanspreeklikheid van enige verlies, skade, siekte of beserings wat kan veroorsaak word deur enige persoon wat die COVID-19 virus opdoen gedurende die verloop en bestek van my kind se teenwoordigheid by die skool. Ek gee die vrystelling van my reg wat ek, my kind of enige ander persoon andersins sou gehad het om eise vir sodanige verlies, besering of skadevergoeding te maak, maar vir die bepalings hiervan. Ek het volle begrip en aanvaar die kontak wat enige persoon wat die skool kan betree, kan veroorsaak deur so persoon, met die wete dat die skoolhoof en haar personeel nie te min sal voortgaan om alle redelike voorsorg vir die veiligheid en welstand van my kind te verseker soos dit voorheen bepaal was.

Name: \_\_\_\_\_ (Ouer / voog).  
(full name and surname)

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH

POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070

TEL: 041 367 1172

FAX: 041 367 2334

EMAIL: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za)

WEB: [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

FACEBOOK: <http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool>

LAERSKOOL

# CHARLO

PRIMARY



Datum: \_\_\_\_\_

Kind se volle name: \_\_\_\_\_

Kind se volle name: \_\_\_\_\_

Kind se volle name: \_\_\_\_\_

Kind se volle name: \_\_\_\_\_

MILESWEG / ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH

POSBUS / PO BOX 5393, WALMER, 6070

TEL: 041 367 1172

FAX: 041 367 2334

EMAIL: [info@charlo.co.za](mailto:info@charlo.co.za)

WEB: [www.charlo.co.za](http://www.charlo.co.za)

FACEBOOK: <http://www.facebook.com/CharloPrimarySchool>